



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOERISME

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 17 bladsye.

INLIGTING VIR ONDERWYSERS

1. INLEIDING

Die Praktiese Assesseringstaak vir Toerisme moet die leerders die geleentheid gee om hul begrip van die toerismebedryf as 'n dinamiese ekonomiese sektor te demonstreer. Dit behoort die kennis, waardes en vaardighede oor reispraktyk wat leerders in graad 10, 11 en 12 bemeester het, uit te brei.

2. PUNTETOEKENNING

Die punte vir die PAT word soos volg toegeken:

Fase 1 = 100

Fase 2 = 100

Totaal = $200 \div 2 = 100$

3. ADMINISTRASIE EN VERANTWOORDELIKHEDE

3.1 Administrasie van die PAT

Hierdie Praktiese Assesseringstaak is die enigste amptelike praktiese eksamen vir graad 12-Toerismeleerders in 2014. Onder geen omstandighede mag dit deur 'n alternatiewe praktiese eksamentaak vervang word nie.

- Die Praktiese Assesseringstaak in Toerisme het twee fases. Fase EEN moet gedurende kwartaal 2 en Fase TWEE gedurende kwartaal 3 voltooi word. Inleweringdatums sal deur provinsiale onderwysdepartemente vasgestel word.
- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale eksterne eksamen vir Toerisme. Daar word van elke leerder verwag om **sy/haar eie PAT** te ontwikkel en dit in te dien.
- Geen gedeelte van die amptelike PAT 2014 Toerisme-dokument mag oorgetik, geredigeer of verander word nie. Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys se logo mag NIE deur enige ander logo vervang word NIE.
- Die PAT **moet gedurende skoolure gedoen word onder gekontroleerde omstandighede om te voorkom dat leerders afskryf** en net sekere dele, soos navorsing, kan as huiswerk voltooi word. Onder geen omstandighede mag die PAT aan leerders gegee word om op hul eie tuis te voltooi nie.
- Gereelde lestyd moet gedurende Toerismeklastye toegeken word, bv. 'n dubbelperiode elke tweede week, middagklasse, ens. vir leerders om die PAT onder die leiding en toesig van die onderwyser te voltooi of 'n onderwyser kan 'n week per kwartaal afblik om die PAT onder gekontroleerde omstandighede te voltooi.
- Daar word sterk aanbeveel dat die afdelings van die PAT op 'n deurlopende basis nagesien word om individuele vordering te monitor.
- Bewyse van voltooide afdelings van die PAT moet ten alle tye gedurende die loop van die jaar vir beide **interne** en **eksterne verifiëring-** en **moniterings**doeleindes in die klaskamer beskikbaar wees.
- Voorbeelde van 'n toeroorsig en gedetailleerde toerplan is ingesluit en moet gebruik word om die take te standaardiseer. Onderwysers mag NIE formate vir enige ander afdelings van die taak ontwikkel NIE.

3.2 Die rol van die onderwyser

Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle leerders beide fases van die PAT voltooi.

- Werk moet onder gekontroleerde toestande tydens die PAT-periodes gedoen word.
- Daar word van onderwysers verwag om 'n PAT-bestuursplan vir beide fases van die PAT te ontwikkel. Die bestuursplan moet die onderrig, assessering en beheer van die PAT weerspieël. Hierdie plan moet aan die begin van die jaar gedoen word.
- Elke leerder moet 'n kopie van die afdeling 'Instruksies aan leerders' (**bladsy 4 tot 13** van die PAT-dokument) ontvang.
- Dit is die skool en die Toerisme-onderwyser se verantwoordelikheid om die hulpbronne te verskaf. Leerders kan ook bykomende hulpbronne op hul eie bekom.
- Daar word van onderwysers verwag om navorsing te doen en hul eie memorandum vir vraag 3, 4, 6, 8, 9 en 10 te ontwikkel voordat hulle begin met die PAT.
- Dit is die onderwyser se verantwoordelikheid om die leerder dwarsdeur die taak te lei en te ondersteun.
- Die onderwyser **MOET** die assesseringsinstrument wat voorsien is, gebruik om nasien te standaardiseer.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOERISME

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

Naam van leerder: **Graad 12**

Naam van skool:

Naam van onderwyser:

INSTRUKSIES VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

1. INSTRUKSIES

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Leerders wat nie aan die vereistes van die PAT voldoen nie, **mag nie hul resultate in Toerisme ontvang nie.**
- Die PAT moet in **twee fases** gedoen word. (Fase 1 en Fase 2)
- Die finale voltooide fases moet op die datums wat deur die onderwyser bepaal word, ingehandig word.
- Die finale voltooide PAT vir beide Fase 1 en 2 moet in A4-grootte opgestel word en in die volgorde van die instruksies aan leerders aangebied word.
- In vraag 6 word punte toegeken vir korrekte spelling en taalgebruik.

SPORTTOERISME:

DIE 2014 COMRADES-MARATHON

1. OORSIG VAN DIE TOER

Scenario vir die 2014 Comrades-marathontoer

Vier langafstandatlete van Johannesburg in Suid-Afrika en twee van Brasilië sal aan die 2014 Comrades-marathon in KwaZulu-Natal (KZN) deelneem.

Die Brasiliaanse sal nege dae in Suid-Afrika spandeer. Hulle sal 'n sewe-dag-selfrytoer in KwaZulu-Natal onderneem (vier dae voor die wedloop, die dag van die wedloop, en twee dae na die wedloop). Dag 1 en Dag 9 word opsy gesit vir aankoms en vertrek.

Die vier Suid-Afrikaners en hul twee Brasiliaanse vriende wil tydens hul verblyf in KZN graag die kulturele en historiese attraksies langs of in die omgewing van die Comrades-roete besoek.

1.1 Toeristeprofiel

- Ouderdom: laat twintigs
- Beroep: professioneel gekwalifiseerd
- Nasionaliteit: Suid-Afrikaans en Brasiliaans

1.2 Spesiale belangstellings

- Sport – langafstandwedlope
- Kultuur en geskiedenis

1.3 Die soort toer

Sport, kultuur en historiese toer

1.4 Aankoms

Die toer begin op Dag 1 vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg. Die twee Brasiliane sal ekonomiese klas na Suid-Afrika vlieg. Hulle sal deur die vier Suid-Afrikaners van Johannesburg verwelkom word en saam sal hulle 'n aansluitingsvlug van enige laekostelugdiens na KZN neem.

In KZN

In KZN sal hulle 'n geskikte voertuig vir die selfrytoer huur. Hulle sal die voertuig by die King Shaka Internasionale Lughawe kry en dit weer daar afgee.

Vertrek

Die toer eindig op Dag 9 by die OR Tambo Internasionale Lughawe.

1.5 Soorte akkommodasie:

- Een voorbeeld van 'n 3- of 4-stergegradeerde akkommodasie-instelling.
- Een voorbeeld van 'n kulturele akkommodasie-instelling in 'n landelike omgewing.

1.6 Attraksies

Kulturele en historiese attraksies wat langs of in die omgewing van die Comrades-roete aangetref word.

2. VOORGESTELDE BRONNE VIR DIE TAAK

Tydskrifte, brosjures, koerante met inligting oor kulturele en erfenistoerisme in Durban en KwaZulu-Natal, Pietermaritzburg en die Comrades-marathon ens.

3. 'N PAAR BRUIKBARE WEBWERWE

www.comrades.com

www.runnersguide.co.za

www.ndorfin.co.za/events/event-detail.php?event_id=9279

www.zulu.org.za

www.durbanexperience.co.za/Pages/default.aspx

www.pmbtourism.co.za

www.azalea.co.za

SPORTTOERISME
Die 2014 Comrades-marathon in KwaZulu-Natal

FASE 1

1. **Voorblad:**
Ontwerp 'n voorblad vir die 2014 Comrades-marathontoer.
Die voorblad moet die volgende insluit:
 - Die naam van die toer
 - 'n Collage wat ten minste drie verskillende aktiwiteite van die toer illustreer.

[4]

2. **Toeriste se profiel**
Stel 'n profiel op vir EEN Suid-Afrikaner en EEN Brasiliaan wat die toer meemaak. Sluit die volgende in:
 - Foto
 - Beroep
 - Spesiale dieetbehoefes

[6]

3. **Verblyf**
Kies twee verskillende tipes akkommodasie wat die toeriste tydens hul verblyf in KZN kan gebruik:
Een 3- of 4-ster-gegradeerde akkommodasie-onderneming.
Een kulturele akkommodasie-onderneming in 'n landelike omgewing.

Noem die volgende vir elke tipe akkommodasie:
 - Naam
 - Ligging (volle fisiese adres en TWEE kontakbesonderhede)
 - Stergradering, waar van toepassing
 - Koste per persoon per nag/per kamer per nag
 - Verduidelik EEN rede waarom hierdie akkommodasie geskik sal wees

[10]

4. **Attraksies**
Die Comrades-roete kronkel deur klein nedersettings, dorpe en voorstede. Doen navorsing oor die kulturele en historiese attraksies langs of in die omgewing van die Comrades-roete waarin die vier Suid-Afrikaners en hul twee Brasiliaanse vriende mag belangstel.

Kies EEN kulturele en EEN historiese attraksie wat langs of in die nabygeleë omgewing van die Comrades-roete is.

4.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy VYF feite verduidelik waarom ELKE attraksie wat gekies is, by die profiel van die toeriste sal pas. (2 x 5) (10)

4.2 Trek die tabel hieronder oor. Gee voorbeelde vir elk van die gekose attraksies in vraag 4.1 volgens die aspekte in die tabel hieronder.

ASPEK	NAAM VAN DIE KULTURELE ATTRAKSIE	NAAM VAN DIE HISTORIESE ATTRAKSIE	
	Naam van kulturele attraksie soos in 4.1:	Naam van historiese attraksie soos in 4.1:	
4.2.1	Universele toegang		(2)
4.2.2	Toeristefasiliteite		(2)
4.2.3	Gemeenskapsbetrokkenheid		(2)

4.3 Uit die inligting wat hierbo versamel is, kies die attraksie wat volgens jou die grootste potensiaal het om as 'n Nasionale Erfenisterrein verklaar te word. Motiveer jou keuse deur TWEE redes te gee. (4) [20]

5. **Oorsig van die toer:**
Trek die tabel hieronder oor. Gee die inligting uit die **Scenario vir die 2014 Comrades-marathontoer** as 'n een bladsy-oorsig van die toer. Gebruik die formaat wat voorsien is.

(Geen besonderhede word op hierdie stadium vereis nie, maar leerders moet die werklike datums van die 2014 Comrades-marathon gebruik)

Dag	Datum	Aktiwiteit / Aktiwiteite vir die dag	Akkommodasie
1			

Punttoekenning

(2)	(2)	(2)	(2)
-----	-----	-----	-----

1 punt vir die korrekte volgorde van gebeure.
1 punt vir die korrekte gebruik van die formaat.

[10]

6. Skryf 'n artikel vir 'n vlugkajuitydskrif (lengte ± 600 woorde) oor:

DIE SUID-AFRIKAANSE COMRADES-MARATHON

Die artikel moet paragrawe insluit oor:

- Die geskiedenis van die Comrades-marathon (6)
- Vereistes vir deelname aan die marathon (4)
- Die hardlopers se voorbereiding (ten opsigte van oefening) vir die marathon (4)
- Noem en beskryf TWEE soorte tegnologie wat eie is aan die marathon. (4)
- Bespreek TWEE interessante voorvalle wat verband hou met die marathon. (2x3) (6)

Sluit TWEE foto's van die marathon in. (2)

Proeflees jou werk om seker te maak dat daar geen spel- of taalfoute is nie. (2)

Artikel is in paragraafformaat geskryf. (2)

[30]

7. Omliggende gemeenskappe op die marathon-roete word ekonomies deur die byeenkoms bevoordeel.

Kies 'n geskikte produk wat ondernemers uit die nabygeleë gemeenskappe aan toeskouers kan verkoop.

7.1 Bespreek hoe ondernemers (persone wat die produk verkoop) die volgende elemente van die bemarkingsamestelling sal gebruik om die produk te verkoop.

7.1.1 Plek (3)

7.1.2 Promosie (3)

7.2 Ontwerp 'n kleurvolle, kreatiewe A5-grootte strooibiljet vir die produk. (4)

[10]

8. Ses liefdadigheidsorganisasies word finansiell bevoordeel deur fondse wat deur die Comrades-marathon ingesamel word.

Hier is vier van die liefdadigheidsorganisasies wat finansiële ondersteuning ontvang.

 <p>WILDLANDS™ CONSERVATION TRUST</p> <p>www.wildlands.co.za</p>	 <p>COMMUNITY CHEST</p> <p>www.communitychest.org.za</p>
 <p>Pink Drive <i>it's moving</i></p> <p>www.pinkdrive.co.za</p>	 <p>World Vision South Africa</p> <p>www.worldvision.co.za</p>

Doen navorsing oor die vier liefdadigheidsorganisasies hierbo.

Kies EEN liefdadigheidsorganisasie wat jy vir jou vriende en familie sal aanbeveel om te ondersteun.

- 8.1 Noem die organisasie en verduidelik VIER redes vir jou keuse. (8)

- 8.2 Verduidelik hoe die Comrades-marathon die beginsels van Korporatiewe Maatskaplike Belegging ('CSI') by hul program insluit. (2)
[10]

TOTAAL: 100


SPORTTOERISME
Die 2014 Comrades-marathon in KwaZulu-Natal

FASE 2

9. Die organiseerders van die Comrades-marathon het beleidsreëls en praktyke om 'n volhoubare byeenkoms te verseker.

Trek die vloeiagram hieronder oor, wat handel oor die Driedubbele Slotreëlbenadering.

Voltooi vraag 9.1–9.3 op die vloeiagram deur DRIE praktyke, wat eie aan die Comrades-marathon is en 'n volhoubare byeenkoms verseker, vir **elke** pilaar van die Driedubbele Slotreël te gee.



10. Skryf 'n 400-woord-artikel vir die Comrades-marathonwebwerf oor die voordele wat die Comrades-marathon vir die gasheerstede, gemeenskappe langs die Comrades-roete en die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou.

Kies 'n gepaste, oorspronklike opskrif vir jou artikel. (2)

Gebruik die volgende subopskrifte vir die paragrawe van jou artikel:

- Voordele vir die gasheerstede (8)
 - Voordele vir die gemeenskappe langs die Comrades-roete (6)
 - Voordele vir die Suid-Afrikaanse ekonomie (14)
- [30]**

11. Gebruik die inligting uit fase 1 om 'n gedetailleerde toerplan vir die 9 dae op te stel. Gebruik die formaat hieronder. *Die eerste inskrywing dien as 'n voorbeeld.*

Dagnommer, dag van die week & datum	Tyd	Aktiwiteite (Uit fase 1 gekies)	Akkommodasie (Uit fase 1 gekies)	Vervoer
Bv. Dag 21 Woensdag 12 Desember	Bv. 07:30 tot 10:00	<i>Moenie vergeet om voorsiening te maak vir genoeg oefentyd voor die wedloop nie.</i> Gebruik volsinne om elke dag se aktiwiteite te beskryf.	Bv. XYZ Backpacker's Lodge, Queenstown	Bv. Die Bloutrein

Punttoekenning

Die korrekte gebruik van dagnommers, dae van die week & datums. (3)

Tyd is toepaslik en logies gebruik tussen aktiwiteite. (3)

Die beskrywing van 'n verskeidenheid geskikte aktiwiteite vir elk van die 9 dae. (2 x 9)

Die tipe akkommodasie is korrek oorgedra vanaf die vraag. (1)

Die korrekte vervoermetode is gebruik. (1)

[26]

12. Wanneer die Brasiliaanse en Suid-Afrikaanse toeriste in Durban, KZN aankom om hul wedloopnommers te ontvang sodat hulle aan die Comrades-marathon kan deelneem, sal hulle 'n geskenkpak ontvang. In die geskenkpak is 'n inligtingspamflet oor die area waar die Comrades-marathon gehardloop word. Die pamflet sal nuttig wees vir internasionale deelnemers.

Ontwerp 'n 1 bladsy- A4-inligtingspamflet van die Comrades-area. Die volgende moet in die pamflet ingesluit word:

- Klimaat in KZN gedurende die Comrades (2)
- Hoogte bo seespieël (1)
- Kragspanning ('voltage') wat in SA gebruik word (1)
- Kontakbesonderhede vir Durban se toerisme-inligtingsentrum (1)
- Fooitjies (aanbevole %) (1)
- 3 veiligheidswenke wanneer daar in die aand of vroegoggend geoefen word (3)
- 3 Gesondheidswenke (3)
- Prent van 'n unieke kulturele vorm van vervoer wat al langs Durban se Goue Myl gebruik word (1)
- Die naam van 'n Blouvlagstrand aan die Noordkus van KZN (1)
- Uitleg en ontwerp (2)

[16]

13. **Bibliografie**
Sluit 'n bibliografie op die laaste bladsy van die PAT in.
Die bibliografie moet uit ten minste VIER **verskillende** soorte bronne bestaan, byvoorbeeld: boeke, koerante, brosjures en tydskrifte (elektroniese/harde kopie), webwerwe of menslike hulpbronne. [4]
14. **Inhoudsopgawe**
Stel 'n inhoudsopgawe met ooreenstemmende bladsynommers vir vrae 1–13 saam op bladsy 1 van die PAT. [4]

Finale aanbieding

Jou PAT moet in dieselfde volgorde as die vrae saamgestel word.
Maak seker dat daar geen spel- of taalfoute is nie.

TOTAAL: 100

2014 TOERISME-PAT ASSESSERINGSINSTRUMENT – FASE 1

Naam van Leerder: Graad:

O = Onderwyser / M = Moderator

1.	Voorblad	4 punte	O	M	
	'n Gepaste naam vir die toer word aangedui ✓				
	Collage illustreer drie verskillende aktiwiteite van die toer. ✓✓✓				
2.	Toeristeprofiel	6 punte	O	M	
	<u>Brasiliaan</u> Foto✓ Beroep✓ Spesiale dieetbehoefes✓				
	<u>Suid-Afrikaner</u> Foto✓ Beroep✓ Spesiale dieetbehoefes✓				
3.	Akkommodasie	10 punte	O	M	
3.1	Een voorbeeld van 'n 3- of 4-ster-akkommodasie-onderneming				
	Naam ✓				
	Fisiese adres & twee kontakbesonderhede ✓				
	Stergradering ✓				
	Koste per persoon✓				
	EEN gepaste rede is verduidelik✓				
3.2	Een voorbeeld van 'n kulturele akkommodasie-onderneming				
	Naam ✓				
	Fisiese adres & twee kontakbesonderhede ✓				
	Ster gradering ✓				
	Koste per persoon✓				
	EEN gepaste rede is verduidelik✓				
4.	Attraksies	20 punte	O	M	
4.1	Kulturele attraksie (5)				
	Ken 1 punt toe vir elk van die 5 feite wat verduidelik is wat by die toeristeprofiel pas. ✓✓✓✓✓✓				
	Historiese attraksie (5)				
	Ken 1 punt toe vir elk van die 5 feite wat verduidelik is wat by die toeristeprofiel pas. ✓✓✓✓✓✓				
4.2	ASPEK	NAAM VAN DIE KULTURELE ATTRAKSIE	NAAM VAN DIE HISTORIESE ATTRAKSIE	O	M
					6 marks
4.2.1	Universele toegang	✓	✓		
4.2.2	Toeristefasiliteite	✓	✓		
4.2.3	Gemeenskapsbetrokkenheid	✓	✓		
4.3	TWEË kriteria is gegee vir die attraksie wat die grootste potensiaal het om as 'n Nasionale Erfenisterrein verklaar te word. ✓✓ + ✓✓				6 marks

5.	Oorsig van die toer:			10 punte	O	M	
	Dag	Datum	Aktiwiteit/Aktiwiteite vir die dag	Akkommodasie			
	(2)	(2)	(2)	(2)			
	Gee een punt vir die korrekte volgorde van gebeure. ✓						
	Gee een punt vir die korrekte gebruik van die voorgeskrewe formaat. ✓						

6.	Artikel vir 'n vlugkajuittydskrif			30 punte	O	M
	DRIE feite oor die geskiedenis van die Comrades-marathon is gegee.			(6)		
	TWEЕ vereistes vir deelname aan die marathon is gegee.			(4)		
	TWEЕ insette oor die hardlopers se oefen-voorbereiding is gegee.			(4)		
	Tegnologie 1 eie aan die marathon is genoem.			(1)		
	Tegnologie 1 eie aan die marathon is beskryf.			(1)		
	Tegnologie 2 eie aan die marathon is genoem.			(1)		
	Tegnologie 2 eie aan die marathon is beskryf.			(1)		
	TWEЕ interessante voorvalle wat verband hou met die marathon, is bespreek.			(2x3)		
	TWEЕ foto's van die marathon is ingesluit. ✓✓			(2)		
	Geen spelfoute nie ✓ en geen taalfoute nie. ✓			(2)		
	Artikel is in paragraafformaat geskryf. ✓✓			(2)		

7.	Bemarkingsresep en strooibiljet			10 punte	O	M
7.1.1	'n Geskikte plek is genoem. ✓ Daar is 'n bespreking oor hoekom die plek geskik is. ✓✓					
7.1.2	'n Geskikte tipe promosie is genoem ✓ Daar is 'n bespreking oor waarom die tipe promosie geskik is ✓✓					
7.2	Naam van die produk ✓ Die inligting op die strooibiljet is met betrekking tot die produk ✓ Die strooibiljet is kleurvol en kreatief ✓ A5-strooibiljetformaat is gebruik ✓					

8.	Liefdadigheidsorganisasies wat finansiële voordeel trek uit die Comrades-marathon			10 punte	O	M
8.1	VIER redes is gegee vir die keuse van die organisasie.			(4 x 2)		
8.2	Daar is 'n verduideliking gegee van die beginsels van KMB ('CSI') ✓✓					
				TOTAAL: 100 PUNTE		

2014 TOERISME-PAT ASSESSERINGSINSTRUMENT – FASE 2

Naam van Leerder: Graad:

O = Onderwyser / M = Moderator

9.	Die Driedubbele Slotreël	20 punte	O	M
	DRIE praktyke eie aan die Comrades-marathon is vir elke pilaar gegee.			
	9.1	9.2	9.3	
	(a)✓✓	(a)✓✓	(a)✓✓	
	(b)✓✓	(b)✓✓	(b)✓✓	
	(c)✓✓	(c)✓✓	(c)✓✓	
	Ken twee punte vir die voltooide vloeddiagram toe ✓✓			

10.	Artikel vir die Comrades-marathonwebwerf	30 punte	O	M
	'n Gepaste, oorspronklike opskrif vir die artikel is gegee. ✓✓	(2)		
	VIER voordele vir die gasheerstede is gegee.	(4x2)		
	DRIE voordele aan gemeenskappe langs die roete is gegee.	(3x2)		
	SEWE voordele vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is gegee.	(7x2)		
	<i>Let wel: Alle paragrawe moet die direkte voordele van die Comrades-marathon weerspieël.</i>			

11.	Toerplan					26 punte	O	M
	Dagvolgorde, dag van die week & datum	Tyd	Aktiwiteite (Uit fase 1 gekies)	Akkommodasie (Uit fase 1 gekies)	Vervoer			
	(3)	(3)	(18)	(1)	(1)			
	Ken 3 punte toe vir die korrekte gebruik van die dagnommers, dae van die week en datums	Ken 3 punte toe as die tyd gepas is en logies tussen aktiwiteite gebruik is.	Ken 2 punte toe aan die beskrywing van 'n verskeidenheid geskikte aktiwiteite vir elk van die 9 dae.	Ken 1 punt toe vir die tipe akkommodasie wat korrek oordra is uit vraag 5	Ken 1 punt toe vir die korrekte soort vervoer.			

12.	Ontwerp van die Pamflet	16 punte	O	M
	Klimaat in KZN gedurende die Comrades	(2)		
	Hoogte bo seespieël	(1)		
	Kragspanning ('voltage') wat in SA gebruik word	(1)		
	Kontakbesonderhede vir Durban se toerisme-inligtingsentrum	(1)		
	Fooitjies (aanbevole %)	(1)		
	3 Veiligheidswenke wanneer daar in die aand of vroegoggend geoefen word	(3)		
	3 Gesondheidswenke	(3)		
	Prent van 'n unieke kulturele vorm van vervoer wat al langs Durban se Goue Myl gebruik word	(1)		
	Die naam van 'n Blouvlagstrand aan die noordkus van KZN	(1)		
	Uitleg en ontwerp	(2)		

13.	Bibliografie	4 punte	O	M
	Die bibliografie het 'n lys van VIER <u>verskillende</u> soorte bronne ✓✓✓✓			
14.	Inhoudsopgawe	4 punte	O	M
	Die inhoudsopgawe weerspieël die korrekte volgorde van die vrae en hul ooreenstemmende bladsynommers. ✓✓✓✓			
	TOTAAL	100 PUNTE		

TOTALE PUNT VIR DIE PAT		O	M
PUNT VIR FASE 1: 100 PUNTE			
PUNT VIR FASE 2: 100 PUNTE			
GROOTTOTAAL: 200 PUNTE			

HANDTEKENING VAN ONDERWYSER
DATUM:

HANDTEKENING VAN MODERATOR
DATUM: